# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Sewe

**"HULLE HET DIE KINDJIE BY MARIA, SY MOEDER, GESIEN EN NEERGEKNIEL EN AAN HOM EER BEWYS" MATTEUS 2:11**

*Tesame in aanbidding voor die Een Here.*

Matteus 28:16-20 - Toe hulle Hom sien het hulle Hom aanbid.

In die teenwoordigheid van God se openbaring onder ons, laat sak ons ons oë en buig ons ons knieë. Toe die dissipels die opgestane Christus in die bergland van Galilea gesien het, was hulle verwonderd en verontrus. Nogtans het hulle Hom aanbid. Dit is hoe ons optree wanneer ons bewus word van God se teenwoordigheid in ons lewens: ons kyk, ons is verwonderd, miskien selfs verontrus, en dit lei ons tot aanbidding. Sien ons nou? Is ons nou verwonderd en verontrus? Is ons werklik besig om God te aanbid?

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur 'n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery